**27 Januarie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:1-31**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:23-31**
**HK, Vraag 27**

**Deur God beskik tot heil**

Vers 28 is eintlik ontstellend. Die gelowiges erken in hulle gebed dat wat met die apostels gebeur het, die vervulling is van die profesie van Psalm 2. Kerkmense sien hoe nasies, konings en heersers in opstand teen God is. Hulle onthou nog Herodus, Pilatus, die heidene en die Jode se besluite en optrede, wat eintlik ’n misdadige komplot teen die Gesalfde van God was. Maar hulle het alles gedoen wat God self vooruit beskik en besluit het. Wat die apostels oorgekom het, het God vooruit beskik en besluit! Is God dan nie tog die bewerker van die kwaad nie? Nee!

Die gebeure waarvan in Handelinge 4 vertel word, het ten doel dat die Naam van Jesus verkondig word. Die goeie wat die apostels by die gemeente beleef het, asook die slegte by die Joodse Raad, is deel van die doel: die verkondiging van Jesus Christus.

Laat ons steeds onthou dat dit ons enigste troos in lewe en sterwe is dat ons aan Jesus Christus behoort (HK 1:1). Daarom verstaan ons dat ons in die lig van die verbondenheid aan ons Saligmaker, Jesus Christus (HK 10), kan vashou aan die voorsienigheid van God. Wanneer God dan reën en droogte, gesondheid en siekte, rykdom en armoede oor ons bring, is dit deel van sy heilsplan. Hy doen dit ter wille van die verkondiging van ons Heiland. Om die rede dien dit ook tot ons heil.

*Sing: Psalm 73:1, 10 (1936-beryming)*
*Psalm 73:1, 4 (2001-omdigting)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*